PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **11 MAART 2014**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering. `n Spesiale woord van verwelkoming aan die President, Johan Kapp en Uitvoerende Voorsitter, Nico Wepener. Nico open ook die vergadering met gebed. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br><br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br><br>Dennis Traynor, Bertus Fisagie, Nico Bierman, Gerhardt de Villiers, Wouter Chalmers, Adrian Wreyford. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br><br>1.5.1 Wouter Chalmers word sterkte toegewens na `n rugoperasie.<br>1.5.2 Meegevoel word uitgespreek met die familie van oom Ken Stewart wat oorlede is.<br>1.5.3 Nico Wepener en sy familie word sterkte toegewens met sy | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | dogter se siekte. | |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br><br>Alle korrespondensie wat ontvang is, is aan lede aangestuur via e-pos. Dit was alles jaggeleenthede. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br><br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 4 Februarie 2014.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br><br>Geen regstellings is genotuleer nie.<br><br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br><br>Manie Uys<br><br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br><br>Braam Els | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br><br>2.2. Chasa raadsvergadering terugvoer.<br>2.3. Wapenlisênsie aansoeke<br>2.4. Chasa Intervereniging skietkompetisie | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br><br>1.9.1 Skietbaan<br><br>Rudi rapporteer dat die skadunet op die 50m baan voltooi is. Die rame van die nette moet egter nog afgeskuur en geverf word. Rudi rapporteer verder dat die beplanning aan `n eie skietbaan vir BJV nog voortgaan. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Rudi lees die name van nuwe aansoekers af. Geen besware is uit die vergadering geopper nie. Die lys met name word aan die notule geheg. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.3 PMP Groeperingskiet – 15 Maart 2014<br><br>Rudi vra vir hulp met die plak van die teikens na die vergadering. Verder word daar ook vir hulp gevra tydens die kompetisie. Rudi verduidelik ook die reëls vir die kompetisie. Skuts moet ses skote binne 5 minute op twee teikens skiet. Dit moet met dieselfde geweer geskiet word, maar verskillende | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | koeëlgewigte kan op die verskillende teikens geskiet word. Minstens ses teikens moet met `n sekere kaliber geskiet word vir die kaliber om te kwalifiseer vir `n prys. Ander aktiwiteite wat sal plaasvind tydens die dag is `n Blaser demonstrasie deur Arms for Africa, die kleiduifbaan sal oop wees en Toyota hou `n uitstalling.<br><br>1.9.4 Bewarings aksie.<br><br>Rudi rapporteer dat hy met Crown rehabilitasie sentrum geskakel het. `n Onmidelikke behoefte wat hulle het is fondse vir die voltooi van `n hok om sivetkatte in aan te hou. Die bedrag wat hulle benodig is R3000.00. Die vergadering keur die skenking van R3000.00 aan Crown goed.<br><br>Johan Kapp noem ook dat Chasa amptelik die Endangerd Wildlife Trust ondersteun. BJV kan dus ook die EWT se projekte ondersteun.<br><br>Rudi gee ook `n kans aan Eddie Bronkhorst wat die voorsitter is van die Limpopo streek van die Ere Veldwagters om aan die vergadering te verduidelik wat hulle doen en hoe BJV betrokke kan raak.<br><br>1.9.5 Wit BJV Plakkers<br><br>Rudi sal be Debbie uitvind of daar plakkers is. | Rudi Myburgh<br><br>Rudi Myburgh |
| **1.10**<br><br>**1.11** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 Baanbeampte kursus<br><br>Rudi rapporteer dat `n datum nog nie gefinaliseer is nie. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee.<br><br>1.10.2 Chasa kursus<br><br>Rudi rapporteer dat `n kursus op 29 Maart 2014 gehou sal word. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee.<br><br>1.10.3 Junior Opleiding<br><br>Rudi rapporteer dat `n Junior kursus vir die winter vakansie beplan word. Lede wat belangstel kan hulle kinders se name by Debbie opgee. Letaba tak bied ook `n kursus in die April vakansie aan.<br><br>**Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen | Stan Rodgers<br><br>Stan Rodgers<br><br>Stan Rodgers |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Lede moet ook seker maak hulle teken die registers tydens aktiwiteite. Ledegelde moet ook op datum wees. Die wet vereis dat `n persoon aaneenlopend lid moet wees, anders verval sy toegewyde jagter status. `n Lys van lede wat nie aan die vereistes voldoen word einde van November aan die SAPD gestuur. | Toegewyde Jagters |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke die afgelope maand was nie. | Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br>Ben Redelinghuys lewer die finansiële verslag. Die verslag word by die oorspronklike notule aangeheg. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br>1.13.1. Algemeen<br>BJV pub sal in die toekoms weer verantwoordelik wees vir die verskaffing van verversings tydens skietdae. Dit geld van 15 Maart af. | Almal |
| **1.14** | **Skietdae**<br>1.14.1 Skietdag (Terugvoer) – 15 Februarie 2014<br>Rudi rapporteer dat die dag `n sukses was. | Rudi Myburgh |
| | 1.14.2 Skietdag – 22 Maart 2014<br>Rudi noem dat die dag se kompetisie `n Chasa .22 Posliga kompetisie sal wees. Die Chasa 9 skoot tabel sal ook geskiet word asook kleiduiwe. | Rudi Myburgh |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **BJV Pub**<br>Nico Wepener rapporteer dat Hennie nie meer die pub bedryf nie en dat BJV sy toerusting vir R207 000.00 gekoop het. Alle agterstallige | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | munisipale rekeninge is ook betaal. Piet Oelemans sal in die toekoms die pub op `n winsdelings grondslag namens die BJV bedryf. Die pub sal weer op 14 Maart 2014 amptelik open en lede word versoek om die pub te ondersteun. | |
| 2.2 | **Chasa Raadsvergadering terugvoer**<br>Nico rapporteer dat hy en Johan Kapp in Februarie die Chasa Raadsvergadering bygewoon het. Johan is verkies op die sub-komitee vir toekennings en hulle is ook albei verkies op die SA Rekordboek subkomitee. | Almal |
| 2.3 | **Wapenlisênsie aansoeke**<br>Fanie Hattingh noem dat sy handwapen hernuwing binne drie weke afgehandel was nadat hy al die regte dokumente aangeheg het. | Almal |
| 2.4 | **Chasa Intervereniging skietkompetisie**<br>Rudi rapporteer dat BJV vyf spanne Bloemfontein toe gaan stuur en versoek die vergadering se goedkeuring om lede van Pietersburg tak met R200.00/persoon te borg. Die versoek word algemeen aanvaar. | Almal |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| | Geen bespreking het plaasgevind. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 8 April 2014 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering waarna Andrè de Lange met `n gebed afsluit. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

______________________ ______________________

Voorsitter Datum